

Die Raad vir Verwante Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika

Die Versekering van Gehalte Aanvullende en Alternatiewe Gesondheidsorg van Keuse

OORSIG VAN VERWANTE GESONDHEIDSPROFESSIES

Ayurveda is 'n tradisionele genesingstelsel wat meer as 500 jaar gelede in Indië ontstaan het. Ayurveda is 'n Sanskrit-woord, afgelei van “vid” wat kennis beteken en “ayus” wat lewenssiklus beteken. Daar word dikwels na Ayurveda as die wetenskap van lewe en langlewendheid verwys. Dit is 'n omvattende mediese stelsel wat sê dat alle wesens vanuit die natuur kom en 'n integrale deel van die hele skepping is.

Chinese Geneeskunde en Akupunktuur (*Chinese Medicine and Acupuncture*)

Het die filosofiese benadering van *yin* en *yang* as basis. Akupunktuur is as 'n wetenskap en as genesingkuns vir duisende jare gepraktiseer en ondersoek.

Akupunktuur val binne die grense van Chinese geneeskunde en beskou gesondheid en siekte in terme van die menslike liggaam se harmonieë en disharmonieë.

Met 'n akupunktuur-behandeling (na deeglike konsultasie en diagnose), sal die praktisyn akupunktuurnaalde op geskikte plekke op die menslike liggaam vir die spesifieke toestand of simptome aanbring.

Akupunktuur is dus 'n metode van assessering en die harmonisering van die menslike liggaam se natuurlike vloei van energie (qi) om gesondheid te herstel.

Chiropraktyk (*Chiropractic*) is 'n gesondheidsprofessie wat spesialiseer in die diagnose, behandeling en voorkoming van meganiese afwykings van die muskuloskeletale stelsel en die effek van hierdie afwykings op die senustelsel en algemene gesondheid.

Chiropraktisyne gebruik in wese nie-ingrypende behandelingsmetodes en sal pasiënte na mediese praktisyns verwys indien medikasie of chirurgie nodig blyk te wees. Hierdie benadering word versterk deurdat chiropraktisyne 'n gesonde leefstyl voorstaan soos om nie te rook nie en buitensporige stres te vermy, 'n goeie dieet te volg en te oefen.

Homeopatie (*Homeopathy*) is 'n volledige terapeutiese geneeskundige stelsel wat deur 'n Duitse geneesheer en apteker, Dr. Samuel Hahnemann (1755 – 1843) ontwikkel is. Homeopatie is gebaseer op die waarneming dat 'n substansie, wanneer 'n gesonde persoon dit gebruik, 'n hele reeks van spesifieke simptome kan veroorsaak. Volgens die filosofie van Homeopatie, kan 'n substansie wat so getoets is, gebruik word om iemand mee te behandel wat aan 'n siekte of toestand lei wat dieselfde simptome toon as wat deur die substansie veroorsaak is. Dit is die homeopatiese Wet van Gelykes (Law of Similars), en word ook beskryf as “Laat gelykes deur gelykes genees word”.

Naturopatie (*Naturopathy*) is 'n oorkoepelende term wat talle vorme van aanvullende en natuurlike geneeskunde omvat. 'n Naturopaat is 'n persoon wat verskeie van hierdie geneeswyses gebruik en ook oor 'n grondige kennis van die mediese wetenskappe beskik.

Waar moderne tegnologie, omgewingsbesoedeling, swak dieet en stres tans 'n enorme rol in die verswakking van gesondheid speel, is 'n Naturopaat se vermoë om met natuurlike metodes genesing toe te pas, van beduidende belang. Deur natuurlike terapieë te gebruik, kan hy of sy akute en kroniese kwale suksesvol behandel. Die Naturopaat is dikwels die laaste toevlug in 'n pasiënt se lang soektog na gesondheid. Elke pasiënt kry persoonlike sorg

Die Raad vir Verwante Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika

Die Versekering van Gehalte Aanvullende en Alternatiewe Gesondheidsorg van Keuse

en die praktisyn beskou dus die mens as 'n holistiese eenheid van liggaam, verstand en gees.

Osteopatie (Osteopathy) is gebaseer op die aanname dat die meeste siektes verwant is aan probleme in die muskuloskeletale stelsel en dat die struktuur en funksie van die liggaam nie geskei kan word nie. Die muskuloskeletale stelsel bestaan uit die senuwees, spiere en bene – almal is wedsyds verbind en vorm die liggaam se struktuur.

Osteopatie is in 1874 deur Andrew Taylor Still gestig. Still was 'n geneesheer van Missouri wat gefrustreerd geraak het met wat hy beskou het as die oneffektiewe en gevaarlike aard van die geneesmiddels van daardie tyd. Hy het geglo dat die dokter se rol in die stryd om siekte te bestry, was om behoorlike muskuloskeletale funksie in die liggaam te herstel.

Fitoterapie (Phytotherapy) is 'n Westerse krui-geneeskundige tradisie. Dit bestaan reeds meer as 5000 jaar. Westerse krui-geneeskunde is in wese van Europese oorsprong, maar tans maak fitoterapie-terapeute oor die hele wêreld gebruik van plante vanuit die uithoeke van die aarde. Fitoterapie vandag, is die kombinasie van hierdie lang geskiedenis van die gebruik van plante saam met moderne wetenskaplike navorsing en deur mediese opleiding.

Terapeutiese Aromaterapie (Therapeutic Aromatherapy) is 'n behandelingstelsel wat nie-ingrypend van aard is en vele fasette het. Dit gebruik aromatiese plantekstrakte soos vlugtige essensiële olies en hidrosol, via 'n reeks van aanwendingmetodes vir terapeutiese doeleindes om gesondheid te herstel. Dit is meer korrek om na terapeutiese aromaterapie as wetenskaplike aromaterapie te verwys aangesien dit die aanwending van wetenskaplike beginsels is wat die praktyk van hierdie dissipline onderskei en identifiseer. Die integrasie van holistiese gesondheidsbeginsels vorm ook 'n integrale deel van die filosofie van Terapeutiese aromaterapie.

Terapeutiese Masseerterapie (Therapeutic Massage Therapy) voorsien saam met primêre gesondheidsorg en –instandhouding, 'n wye reeks van veilige behandelings vir talle toestande.

Die tegnieke wat deur die terapeutiese masseringsterapeut gebruik word, kan so wyd aangewend word aangesien hulle die strukturele, fisiologiese, neurologiese en psigologiese invloede op die menslike toestand het.

Terapeutiese Refleksologie (Therapeutic Reflexology) is 'n antieke wetenskap en terapie wat handel oor die weerspieëling van die liggaam op die refleksareas op die voete, hande, ore en ander dele van die liggaam en hulle kom ooreen met al die organe, kliere en ander dele van die liggaam. Deur die duime en vingers op die refleksareas te gebruik, word die liggaam gehelp om homeostase, balans of normalisering van funksie te bekom en dit skep verandering in die gesondheid en welstand van die pasiënt. Terapeutiese refleksologie is 'n ingreepsvrye terapie.

Die **Unani-Tibb**-filosofie is op vier aksiome gebaseer. Die eerste, *temperament*, weerspieël die uniekheid van elke individu. Dit is belangrik vir diagnose en behandeling.

Die Raad vir Verwante Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika

Die Versekering van Gehalte Aanvullende en Alternatiewe Gesondheidsorg van Keuse

Tweede, *physis*, is die liggaam se ingebore krag van selfgenesing. Tibb-terapie ondersteun *physis*, aanvanklik deur veranderinge in lewensstyl, dan deur rasionele gebruik van natuurlike en kruie-medikasie en dan laastens deur die intensiewe aanwending van voorgeskrewe terapieë. Derde is die humores, 'n vreemde konsep gegewe 'n nuwe perspektief in Tibb wat die onlangse ontwikkelings in kliniese wetenskap in ag neem. Laastens is daar die *oorheersende faktore*. Tibb glo vas dat lewensstylsiektes – van diabetes tot hartsiektes – dikwels die gevolg is van losbandige en soms selfs selfvernietigende lewensstyle. Goeie praktiese raad word oor lewensstyl gegee – aanpassing van die pasiënt se dieet byvoorbeeld.

